**Hersieningsoefening: Hoofstuk 17**

Die volgende vrae is gebaseer op die gedig, "Kinders van die wind", geskryf deur Koos du Plessis. Lees die gedig in die digbundel, *Vers en Klank,* en beantwoord die vrae wat daarop volg:

1. Wat beteken die titel van die gedig? (1)

2. Wat is die funksie van die herhaling van die woorde "ou, ou" in strofe 1? (1)

3. Wat het die volgende twee woorde in gemeen?
   "lank vergane" (strofe 1)
   "vergete" (strofe 2) (2)

4. Gee die twee betekenisse van die woord "kelders" binne konteks van die gedig. (2)

5. Sê of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is:

   *Die spreker het die woorde van die liedjie vergeet, maar kan nog die wysie onthou.*

   Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die gedig. (2)

6. Gee een voorbeeld van alliterasie in strofe 4. Haal die versreël aan en onderstreep die allitererende klanke. (2)

7. Wat word 'n strofe wat uit 4 reëls bestaan, genoem? (1)

8. Wat word die rymskema wat in die gedig voorkom, genoem? (1)

9. Gee 'n voorbeeld van assonansie in strofe 1. Haal die versreëls aan en onderstreep die verskynsel. (2)

10. Dink jy dat die soekers wat in strofe 3 en 5 genoem word ooit gevind het wat hulle gesoek het? Antwoord SLEGS "Nee" of "Ja" en gee 'n rede vir jou antwoord. (2)

11. Noem 'n voorbeeld van 'n enjambement in strofe 1. (1)

12. Kies die korrekte woord tussen hakies:

    "… kinders van die wind …" verwys na (kinders/alle mense op aarde) (1)

13. Wat word die herhalende strofes 3 en 5 in die liedjie genoem? (1)

14. Noem EEN vergelyking in strofe 2. (1)

**Totaal: 20 punte**

Hierdie bladsy mag gekopieer word.

**Hersieningsoefening (Hoofstuk 17)**
**Memorandum**

**Letterkunde: Kinders van die Wind**

1. Kinders/mense wat rondswerf en wat gedurig opsoek is na iets. (1)

2. Dit **beklemtoon** die ouderdom van die liedjie/gedig. Dit is baie, baie oud. (1)

3. Beide woorde verwys na iets wat lank gelede was en nie meer onthou word nie. (2)

4. Kelders – in die diepste van die see/op die see-oppervlak.
   Kelder(s) – die skepe het gesink (2)

5. WAAR. "… die deuntjie draal…" (2)

6. "… is deur die wind verwaai …" (2)

7. kwatryn (1)

8. gebroke rym (1)

9. "van l**e**wenswel en -w**ee** / van lank vergane sk**e**pe in / die kelders van die s**ee**" (2)

10. Nee. Die soekers vind nooit dit wat hul soek nie. (2)

11. tussen reël 1 en 2 (1)

12. alle mense op aarde (1)

13. refrein (1)

14. Die deuntjie word met grepies/dele/stukkies vanuit 'n verhaal vergelyk. (1)

**Totaal: 20 punte**